

Evangelos Mantzaris & Pregala Pillay*

Die onophoudelike siklus van korrupsie gedurende die COVID-19-pandemie in ons land het ons daaraan herinner dat menslike etiek, 'n dissipline wat met filosofiese abstraksie ontstaan het, het deur die eeue in 'n skrikwekkende werklikheid van menslike gulsigheid en korrupsie ontaard.

Die wydverspreide uitdagings wat die samelewing en moderne lande vandag in die gesig staar weens onverminderde korrupsie in beide die openbare en private sfere noop ons om die materiële en samelewingsontstaan van openbare etiek te ondersoek.

Die ontleding van menslike etiek is in die hedendaagse tyd omvorm tot in 'n dringende noodsaaklikheid in beleidsformulering en -inwerkingstelling weens die belangrikheid daarvan om individuele of kollektiewe dade van korrupsie spesifiek in plaaslike of organisatoriese omgewings bloot te lê. Hierdie tipe ontleding en begrip skep navorsingsgebaseerde kennis wat in hierdie benadering gesetel is ten einde 'n duidelike begrip van etiek, waardes en belange binne gegewe omgewings in beide die private en openbare sektore te verskaf.

Hierdie tipe kennis kan ons moontlik help om die volgende sleutelvrae te beantwoord: Hoekom word Suid-Afrika, 'n samelewing met van die omvattendste teenkorrupsiewetgewing, -reëls, -regulasies en -agentskappe, as een van die korrupste samelewings op aarde beskou? Hierdie vraag is veral gepas op Internasionale Teenkorrupsiedag wat jaarliks op 9 Desember gedenk word om bewustheid oor korrupsie te skep en om mense reg oor die wêreld aan te moedig om dit te beveg.

Beleidsmakers en -praktisyne kan slegs vooruitbeweeg in die stryd teen korrupsie deur bewustelik aan debatte deel te neem wat empiries en normatief gelei word en deur besluite te neem wat vorm gee aan bestaande praktyke, funksies, strukture en werklikhede.

Menslike etiek en dissipline is verwant aan feitlike, strukturele, geskiedkundige en morele assesserings van die maatskaplike lewe.

'n Klein aantal senior politici het in die Parlement en in die openbaar opgemerk dat korrupsie endemies aan die land is – in beide die openbare en private sektore – en dat indien daar nie beslis teen dit opgetree gaan word nie, sal dit nie net goeie staatsbestuur beïnvloed nie, maar kan dit ook moontlik ons ekonomie verwing en uiteindelik ons demokrasie laat ontspoor. Dit is al beskryf as 'n kanker wat die liggaam teister; daarom moet dit afgesonder word sodat die land van die dood of gestremdheid gered kan word. Dit beteken korrupsie wat ongestraf bly, moet tot 'n einde kom omdat die oorheersing daarvan in die regering en die private sektor besig is om die morele integriteit van die samelewing te vernietig. Ons het dringende stappe en blootstelling nodig om dit uit te wis.

Net soos in enige ander samelewing, vereis Suid-Afrikaners etiese standaarde op die hoogste vlak van die land se openbare en private sektore: onomkoopbare, regverdige, deursigtige, onbevooroordeelde, verantwoordbare en billike optrede; doeltreffende en bekwame aanwending van bestaande hulpbronne; en 'n etiese grondslag vir openbare deelname en kommunikasie wat uiteindelik tot 'n ontwikkelende openbare administrasie sal lei.

Daarom word dit verwag dat die openbare sektor, asook die politieke opsieners van die sektor, binne die grense van bestaande wetgewing, reëls en regulasies sal optree; dat hulle alle etiese vereistes sal nakom, assesseer, monitor en evalueer. Dit kan deur die monitering, assessering en evaluering van bestaande bedryfstelsels, prosesse en gedrag gedoen word; asook deur te verseker dat organisatoriese en bedryfswaardes met bestaande gedrag ooreenstem en dat die organisatoriese opdragte van bewustheid, begrip en toepassing van etiese gedrag getrou toegepas

word. Daar bestaan nie net 'n behoefte aan 'n struktuur, plan en implementering van meganismes wat etiese kwessies oplos nie, maar ook vir die instelling van etiese riglyne in alle prosesse en die dinamika van besluitneming. Die kombinerings van interne en eksterne inisiatiewe is nodig om alle aspekte van hoë etiese nakoming te waarborg.

Hierdie noodsaaklikhede vereis 'n verandering in ingesteldhede en in ou praktyke, gegrond op etiese beginsels en standaarde binne organisasies, asook direkte en eerlike kommunikasie aan die landsburgers deur openbare deelname, bewustheidsveldtogte, programme en projekte wat op teenkorrupsie-inisiatiewe gemik is.

Dit beteken openbare bemagtiging is onontbeerlik omdat die verhouding tussen die regering en die mense wederkerig is, aangesien die verwagtinge vir verantwoordbare, deursigtige, regverdige en onkreukbare diensverskaffing gemeenskaplike wortels het.

Dit impliseer die behoefte aan 'n tweerigtingkommunikasiekanaal wat etiese leierskap en gedrag toepas ten einde 'n einde aan alle oortredings van etiese gedragskodes te maak.

Wanneer korrupsie voorkom, daal die openbare vertroue in die regering. Dit beteken dat wantroue in verskeie vorme na vore kom wanneer landsburgers glo of besef dat manifeste, beleide en beloftes agterweë gebly het. Hierdie vorme is gegrond op teenstellende individuele of groepsidees, persepsies, verhoudings en aksies wat maatskaplike en politiese uitkomst skep wat gegrond is op 'n mengsel van magsverhoudinge asook teenstellings wat in beide samelewings- en/of institusionele interaksies bestaan.

Politieke wantroue word op individuele politici, politieke partye, staatsinstellings of die politieke stelsel in sy geheel gemik. Die rede is dat aksies/geen aksie, besluite en/of beleide in die meeste samelewings voortdurend onder die maatskaplike en politieke soeklig is. Dit begin by die laer vlakke van regering en beweeg opwaarts na die hoër range van die staatsorganisasie.

Vertroue word nie in sosiale vakuum geskep nie; dit word onder meer deur die media, interaksie tussen verskillende sosio-politiese, finansiële en/of ander groepe, asook deur gerugte of die ware weerspieëling van korrupsie, bedrog, samespanning en nepotisme in die regering en sy verskeie departement of organisasie gevorm.

Ons het almal die ernstige negatiewe gevolge aanskou wat korrupsie vir ons land inhou. Dit vertraag ontwikkeling, vererger en laat armoede voortduur, veroorsaak ongelyke inkomsteverspreiding, ekonomiese agteruitgang en die gebrek aan belegging. Onetiese en korrupte staatspraktyke is die teenstelling van goeie bestuur, wat 'n uiters belangrike element in die proses is om landsburgers se vertroue in die regering te bou. Sulke aksies het 'n negatiewe uitwerking op mense se vertroue, wat 'n hartseer werklikheid in ons land gedurende hierdie uitdagende tye is.

***Proff Evangelos Mantzaris & Pregala Pillay is verbonde aan die Skool vir Publieke Leierskap by die Universiteit Stellenbosch.**